# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. JL Schütte
direkteur@apk.co.za

10 Januarie 2020

**OMSENDBRIEF 1/2020**

## VROUEBIDDAGBOODSKAP

**Aan alle skribas en leraars**
**Vir die aandag van die Sustersaksie**

Wat ŉ voorreg om u weereens hier aan die begin van die nuwe jaar vanuit die Gemeenskaplike Kerkkantoor te kan groet met die bede dat dit voorwaar 'n geseënde jaar in diens van ons Here sal wees. Aangesien dit tans heerlik in Pretoria reën, loop ons harte oor van dankbaarheid, terwyl ons steeds bewus bly van talle streke van ons land waar daar ernstige droogte is en daarom besef ons ook ons afhanklikheid van die Here. Ons gaan dus hierdie jaar in met 'n besef van afhanklikheid en ook dankbaarheid

Soos gebruiklik, is daar ook hierdie jaar ŉ boodskap voorberei wat ons graag wil beskikbaar stel aan ons gemeentes vir die gebruik deur susters tydens die Vrouebiddag-geleentheid. Daar is geen voorgeskrewe reël oor presies wanneer dit moet plaasvind nie. Sommige gemeentes hou dit vroeg in Maart, terwyl ander gemeentes se susters hou by die voorstel van die sinode om op ons kerkverband se stigtingsdatum, 27 Junie of so na as moontlik daaraan, te vergader. Hierdie jaar se boodskap is voorberei deur ds. Nico Grobler van die AP Kerk Rustenburg, en die tema is: Onwaardig voor die Here. Ons vertrou dat hierdie boodskap aan die hand van die Ragab se lewe vir almal waardevol sal wees.

Die susters is welkom om die res van die program in te klee soos dit vir hulle pas.

*Vriendelike groete*

**Ds. JL Schütte**
**Direkteur van Kerkadministrasie**

**Tema: Onwaardig voor die Here.**

**Votum**
[8] Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, sê die Here, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige (Openb. 1:8).

**Seëngroet**
Genade, barmhartigheid, vrede van God die Vader en Christus Jesus, onse Here! Deur die werking van die Heilige Gees

**Lofsang:** Ps. 89: 1-2

As skuldbelydenis na die wet sing ons Ges. 71:1 en na die retensie vers 4 en 5

**Wet**
Ons luister nou na die wet soos wat dit opgeteken is in Eksodus 20: 1-17

**Sing Ges. 71:1**

**Genadeverkondiging**

Aan almal wat met ŉ ware berou en opregte geloof hulle toevlug neem tot hulle enigste Verlosser, Jesus Christus, verkondig die Woord die vergifnis van sonde.

**Joh 3:16** "[16] Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."

**Retensie of Vermaning**

Maar aan elkeen wat in die sonde volhard en die genade verwerp, verkondig die Woord van God dat die toorn en straf van die Here op hom sal bly solank as wat hy in die sonde bly lewe.

**Joh 3:18** "[18] Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie."

**Sing Ges. 71: 4,5**

**Geloofsbelydenis**
Ons bely nou ons algemene Christelike geloof met die woorde van die Apostoliese Geloofsbelydenis.

**Sing Ges. 84: 11**

**Voorgebed**

**Skriflesing:** Josua 2:1 - 24
**Teksvers:** Josua 2:11

**Josua 2:11 "[11]Toe ons dit hoor, het ons hart gesmelt, sodat daar by niemand enige moed meer oorgebly het teenoor julle nie; want die Here julle God, Hy is God in die hemel daarbo en op die aarde hieronder."**

Geliefdes in die Here Jesus Christus.

Broers en susters.

Ons is almal geskape as mens en tog verskil ons soos dag en nag van mekaar.

Ons lyk nie net op die oog af verskillend van mekaar nie, maar ons praat verkillende tale, het verskillende kos voorkeure, kulture verskil, gewoontes verskil ens.

Verder, maak nie saak van jou taal en voorkeure nie het party die vrymoedigheid om voor mense op te tree, ander kan weer goed kommunikeer, onthaal en kosmaak, mense versorg en troos, bemoedig, genees, onderhou, maak nie saak wat die gawe is wat ons ontvang het nie, ons is net doodeenvoudig nie almal dieselfde nie.

Om sake meer te kompliseer is daar nog die sondige natuur van die mens ook wat telkens kop uitsteek.

Dit vertel vir ons dat ons minderwaardig is, of te sondig om ŉ verskil in die wêreld te maak. Veral as ons die behoefte het om die regte ding te doen soos wat die Here, deur die Gees, op ons hart druk.

Dit maak dat ons wegskram en verskonings gebruik soos; wie is ek nou om ŉ verskil te maak, of ek is te sondig en kan my nie bereid verklaar om op te tree of te help nie. Daardie gevoel van ek is te swak en te nietig of te sondig om iets te doen, kom lê op ons en dan doen ek eerder niks.

**Dit bring ons by ons gelese gedeelte.**

Ons lees hier in Josua 2 dat Ragab die hoer die verspieders van Israel, die vyand van haar volk die Kananiete, weggesteek het.

Ragab was ŉ hoer, dit is so ŉ lelike woord dat ŉ meisie in die Verbondsonderrigklas dit nie eers wil uitspreek as sy uit die Bybel voorlees nie. In gemakliker taal is sy ŉ prostituut. Iemand wat haar lewe maak deur haar liggaam te verkoop, m.a.w. deur die bedryf van sonde.

Dit klink verskriklik en dit is ook, maar alle sonde is voor God strafbaar en geen sonde is groter as ŉ ander nie m.a.w. ons is almal in dieselfde bootjie as Ragab.

Deur sonde die bron van jou bestaan te maak of as deel van jou lewenstyl of jou gewoonte, plaas ons onsself buite God se genade want daardeur weier ons om dit as sonde te erken en daarmee te breek.

Ons tema is: **Onwaardig voor die Here**.

Voel jy dalk onwaardig voor die Here? Te onwaardig om op te tree en te doen wat Hy vir jou vra om te doen?

**Ons kyk na Ragab onder die volgende hoofde.**

- **Sondaar en onder die oordeel**
- **Ontdek die waarheid**
- **Gryp dit aan en spring die oordeel vry**
- **Word verheerlik**

**Sondaar en onder die oordeel.**

Ragab is nie deel van God se volk nie en om dit te vererger is sy boonop nog deel van die Kanaäniete wat deur die Israeliete uitgeroei moet word.

Die skrif is vir elke Kananiet aan die muur, omdat hulle inwoners is van die land wat God aan sy volk beloof het en daarom met die banvloek getref moet word.

Verder is Ragab ook ŉ sondaar, ŉ hoer, en sy maak haar lewe deur die konstante oortreding van die agtste gebod. Sy sien dit nie as sonde nie, want dit is haar brood en botter. Daardeur staan sy onder God se oordeel, nie net om in hierdie leeftyd haar lewe te verloor nie, maar ook om vir ewig die straf van God op haar sonde te verduur. Dit maak nie saak of sy onbewus is van die Wet van God wat Hy aan Moses gegee het nie.

So staan elkeen van ons ook skuldig voor God. Ons mag dalk voel dat ons sonde nie so groot is soos Ragab s'n nie, maar dit sal net wees om onsself om die bos te lei deur ons beter oor ons self te laat voel. Die waarheid is dat alle sondes, groot of klein, voor God strafbaar is. Die Woord leer ons dat ons almal gesondig het en dit ons aan die heerlikheid van God ontbreek.

Elkeen van ons is sondig en staan onder God se oordeel en verdien om vir ewig vir ons sondes te betaal.

**Ontdek die waarheid**.

In vers elf lees ons dat die mense van Jerigo saam met Ragab agter gekom het dat die God van Israel anders is en dat Hy groter mag as die gode het. **"die Here julle God, Hy is God in die hemel daarbo en op die aarde hieronder."**

Dit sê nog nie vir ons dat Ragab haar gode afgesweer het of dat sy weet wat die geloof van Israel behels nie. Sy weet egter dat daar ŉ kosmiese god is wat oral, in die hemel daarbo en die aarde hieronder, mag het en regeer.

Die verskil is dat Ragab aksie neem en nie maar net in vrees verstar en wag op die oordeel wat oor haar en haar familie gaan kom in die vorm van God se volk nie.

Sy verraai haar volk, die inwoners van Jerigo, deur die verspieders te versteek en met hulle ŉ ooreenkoms aan te gaan, sodat sy en haar familie gered kan word voor die aanslag van Israel en hulle magtige God.

Daardeur verklaar sy haar bereid om deel te word van God se volk en hulle God te dien. Ons kan dit vergelyk met Rut wat saam met Naomi terugkeer na haar volk en haar God aanvaar en dien.

Daardeur werk Ragab in God se hand om die land wat Hy aan sy volk beloof het aan hulle te gee. Sy word diensbaar en bruikbaar in God se plan.

**Sy gryp die geleentheid aan** om haar en haar familie se lewens te spaar voor God se oordeel oor haar volk deur die verspieders weg te steek en hulle van raad te voorsien sodat hulle veilig die stad kan verlaat en kan terugkeer na hulle laer.

Ragab tree binne God se raadsplan vir sy volk op en werk mee om die land wat God aan sy volk beloof het tot uitvoering te bring.

Sy onderhandel met die verkenners om haar en haar familie op grond van die guns wat sy aan hulle bewys het ŉ teen guns terug ontvang. Die verkenners moet by die HERE sweer dat haar ouers en haar broers veilig sal wees wanneer die inval van Jerigo plaasvind.

Deur in God se Raadsplan saam te werk, die verspieders weg te steek en hulle in veiligheid uit te laat om hulle verslag aan Josua te bring **spring sy en haar familie God se oordeel vry.**

Later word Ragab en haar familie deel van God se volk. Ons lees in Matteus 1:5 dat Ragab die moeder is van Boas wat met Rut die Moabiet getrou het. Uit hulle nageslag is later koning Dawid en nog later Josef die man van Maria die moeder van Jesus gebore.

In Hebreërs 11:31 lees ons: "Deur die geloof het Ragab, die hoer, nie saam met die ongehoorsames omgekom nie, omdat sy die spioene in vrede ontvang het.

Op hierdie manier is Ragab dan **deur God verheerlik** nie net deur haar lewe te spaar tydens die inval in Jerigo nie, maar ook om deel van die God se Raadsplan en Koninkryk te word.

Alle mense staan skuldig voor God en daarom onder sy oordeel net soos Ragab die hoer. Jesus Christus het egter vir ons almal se sondes kom betaal sodat ons God se oordeel kan vryspring.

Soos Ragab moet ons gehoorsaam wees aan God se roepstem en deel word van sy plan met ons.

Dit maak nie saak wie ek is, hoe klein en swak ek is, hoe vuil en sondig ek is nie. Ek is nie "te" om aan God gehoorsaam te wees en sy opdrag uit te voer nie. Ek is nie "te" om deur Jesus Christus se bloed gereinig te word nie. Ek is nie "te" om deur God gebruik te word nie. Dit maak nie saak wat my omstandighede is of wat die ander mense dink nie, dit is God wat saak maak en niks en niemand anders nie.

Ragab die hoer is vir ons ŉ voorbeeld van ŉ persoon met wie ons nie in ons samelewing geassosieer wil word nie en tog is sy geskik om deur God gebruik en gered te word.

Wie is ons om ander te oordeel of hulle bruikbaar vir God kan wees wat nog te sê van onsself.

**Amen.**

**Gebed**

Offergawes

Lofsang as antwoord op die prediking.

**Sing Ges. 65: 3 en 4**

**Seën**

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap met die Heilige Gees sy met julle almal.

AMEN